



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Liggie in die kas deur Anna Emm

Klaus kuier by Ouma en Oupa op die plaas. Saans slaap hy in die groot kamer op die stoep. In die kamer is 'n kas, en elke aand sien hy 'n liggie in die kas skyn.

"Daar's 'n liggie in die kas," fluister Klaus vir sy ouma. Sy ouma skakel die lig aan en maak die kas oop. Maar sy sien niks. Die kas is leeg. Dis net Klaus se leë tas en sy skoene wat in die kas is. En die tas en die skoene maak nie liggies in die donker nie.

"Daar's 'n liggie in die kas," sê Klaus vir sy oupa aan die ontbyttafel. Ná ontbyt gaan maak sy oupa die kas oop. Hy kyk in elke hoekie van die kas, maar hy kry niks wat 'n liggie kan maak nie.

Daardie aand nadat Klaus bed toe is, en nadat sy ouma vir hom nag gesê het, lê hy in die donker en kyk na die kas. Die kas se deur is op 'n skrefie oop, en binne in die kas kan hy die liggie sien. Wat op aarde kan dit wees? Hy skakel die bedlampie aan, en dadelik is die liggie weg. Hy skakel die bedlampie af, en daar is die liggie weer in die donker binne in die kas.

Klaus staan saggies op, en stap na die kas toe. Hy maak die kas se deur 'n entjije groter oop en loer in. Die liggie skyn teen die kant van die kas, en Klaus kyk al met die ligstraaltjie langs tot aan die ander kant van die kas. Nou wil hy sommer begin lag! Want raai bietjie wat sien hy? Daar is sowaar 'n piepklein gaatjie in die hout aan die anderkant van die kas, en die lig van die straat skyn deur die gaatjie, en maak 'n liggie in die kas!

Die volgende oggend vat Klaus se oupa 'n stukkie plakpapier en plak die gaatjie toe. Nou kan die lig van die straat nie meer daardeur skyn nie. Daardie aand is die liggie in die kas weg.

Maar net voor Klaus aan die slaap raak, sien hy weer die liggie! Hierdie keer is dit aan die BUITEKANT van die kas, en dit vlieg heen en weer, heen en weer! Hy sit regop en kyk mooi. En dan praat die liggie sowaar met hom!


"Askuus tog, seuntjie," sê die liggie, "maar was dit JY wat my gaatjie toegeplak het? Ek is 'n vuurvliegie, en ek woon in hierdie kas. Nou is die gaatjie toe, en ek kan nie ingaan nie..."

Klaus staan op, en gaan trek die plakpapier van die gaatjie af. Hy kyk hoe die vuurvliegie by die gaatjie in die kas invlieg. Dan gaan klim hy weer in sy bed, en lê en kyk na die liggie binne in die kas... tot sy ogies swaar word. Hy weet nie meer of die liggie deur die gaatjie kom, en of dit die vuurvliegie se liggie is nie. Maar dit maak nie saak nie. Hy gaan nooit ooit weer die gaatjie toemaak nie! Terwyl hy na die liggie kyk, raak hy aan die slaap.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

'n Liggie in die kas illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za